higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N900**(A)**(M24)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

KOMMUNIKASIE N4
(Eerste Vraestel)

(5140264)

24 Mei 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

TWEE woordeboeke (tweetalig en/of verduidelikend) en TWEE addisionele bronne mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye en 2 bylaes.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KOMMUNIKASIE N4
(Eerste Vraestel)
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AGTERGROND

Jy is die kantoorbestuurder by ER Makelaars. Willem Botha is die besturende direkteur. Eeza Razack is een van die direkteure en ook voorsitter van die Braamfontein sakekamer.

ER MAKELAARS
Ameshofstraat 91, Braamfontein, Johannesburg, 2001
Posbus 101021, Johannesburg, 2000
Telefoon: 011 029 0221 Faks: 011 029 0222
E-pos: admin@ermakelaars.co.za
Direkteure: Willem Botha, Eeza Razack, John Pick

VRAAG 1: PRÉCIS

Jy kry opdrag om 'n uittreksel te maak van die artikel 'Sê nee vir oorspandeer' in BYLAE A (aangeheg). Dit sal geplaas word in die dagboeke en op die kalenders wat ER Makelaars as korporatiewe geskenke laat druk.

Skryf die précis in nie meer as 115 woorde en EEN paragraaf nie. Gee 'n gepaste titel. Dui die aantal woorde tussen hakies aan.

UITLEG	INHOUD	TAAL
3	11	6

[20]

VRAAG 2: FAKSBOODSKAP

Eeza moet 'n beleggingsberaad by die Sun International Hotel bywoon. Die beraad sal drie dae duur. Om die druk verkeer te vermy besluit sy om die eerste en tweede nag in die hotel oor te bly. Jy moet haar verblyf reël. Middagetes is by die fooi vir die beraad ingesluit. Alfred Muso by besprekings het die pryse telefonies bevestig. Die bespreking sal bevestig word sodra die hotel bewys van betaling ontvang. Alfred verskaf tariewe vir die volgende: verblyf, verskillende maaltye en onderdakparkering. Die hotel se bankbesonderhede is verskaf om die inbetaling te maak.

Ontwerp 'n faksboodskapvorm en finaliseer die bespreking. Meld pertinent watter maaltye geneem sal word en dat me. Razack 'n halaalspyskaart versoek. Die bewys van betaling is aangeheg.

UITLEG	INHOUD	TAAL
5	7	3

[15]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3: ONGELUKSVERSLAG

Terwyl 'n klerk fotostate maak, struikel hy oor die elektriese verlengingskoord wat tydelik gebruik word omdat die kragprop by die masjien buite werking is. Hy verloor sy balans en die hoek van die toonbank kloof sy linkeroogbank oop. Dit bloei erg. Jy neem hom na Braamfontein Kliniek. Hy kry vyf steke en medikasie vir pyn. Siekverlof vir twee dae word voorgeskryf. Jy kry 'n beskrywing van die gebeure by die twee ooggetuies.

Skryf die verslag op die amptelike verslagvorm BYLAE B (aangeheg).

INHOUD	FORMAAT/TAAL/STYL
17	8

[25]

VRAAG 4: KENNISGEWING EN AGENDA

Terwyl sy by die beleggingsberaad is maak Eeza die volgende kernnotas:

- Sakekamer – kennisgewing en agenda – maandelikse vergadering
- 17de – 19:00 – Braamfontein Klub
- Terugvoer: meningsopname – misdaad in Braamfontein
- Nuwe sake: ondersteuning aan Braamfontein Kollege; Jong Entrepreneur-projek; mosie – nooi munisipale bestuurder – spesiale vergadering – bespreek swak dienslewering in sakesentrum – voorsteller – H. Moloi – sekondant – G. Wiese

Die sakekamer het 'n eie posbusnommer en die voorsitter se telefoonnommer word gebruik.

Stel die kennisgewing en agenda in briefformaat op.

UITLEG	INHOUD	TAAL
4	8	3

[15]

VRAAG 5: NOTULE VAN MAANDELIKSE VERGADERING

Jy neem die notule gedurende die vergadering en maak die volgende kernnotas onder punt 6.3:

Mnr. Moloi: ongereelde verwydering vullis – swak toestand strate, sypaadjies benadeel sake – kliënte besoek ander sentrums
Mosie aanvaar – voorsitter kry opdrag – uitnodiging munisipale bestuurder – reël spesiale vergadering

Brei die kernnotas uit en skryf punt 6.3 volledig uit soos dit in 'n notule sou verskyn.

UITLEG	INHOUD	TAAL
2	5	3

[10]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6: DIENSOPSEGGINGSBRIEF

Jy het 'n betrekking aanvaar as kantoorbestuurder by die Universiteit van Johannesburg. Jy kon die aanbod nie van die hand wys nie. Een van die redes is dat jy as werknemer van die universiteit gratis verder kan studeer. Jy noem nog twee redes vir jou besluit in jou bedankingsbrief en meld ook spesifieke ondervinding wat jy by die firma opgedoen het. Volgens jou kontrak by ER Makelaars moet jy 'n maand kennis gee.

Skryf die diensopseggingsbrief.

UITLEG	INHOUD	TAAL
4	7	4

[15]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

BYLAE A

Sê nee vir oorspandeer

'n Kredietkaart is gerieflik: Jy gebruik hom nou en betaal later. Maar wie links en regs koop, se skuld hoop op.

Ja, jy mag dalk nou self besluit hoe jy wil leef en waarop jy jou geld wil uitgee. Maar onthou net, as jy oud is en nie genoeg geld het nie, gaan iemand anders besluit waar jy gaan bly en wie vir jou gaan sorg.

Jy kies jou leefstyl self maar jy moet ook self daarvoor betaal. Die keuse kan joune bly as jy jou verbeelding, vasberadenheid en wilskrag inspan.

Kies doelbewus teen te veel geld uitgee

Sê NEE vir oorbesteding en aanbiedinge wat te goed klink om waar te wees. Dink ook mooi oor impulsiewe kopies.

Dink voor jy enigiets koop – 'n huis, 'n motor, 'n horlosie, klere – stel eers vas wat jou motivering is. Daar sal altyd 'n rede wees hoekom jy 'n spesifieke artikel wil hê. Jy sal agterkom dat jy dikwels emosionele besluite neem en dan probeer om dit te regverdig. Jy sal byvoorbeeld 'n duur motor koop wat jy nie eintlik nodig het nie en jouself dan vertel dat dit baie lig op brandstof is. Dink mooi. Het jy regtig daardie artikel nodig of wil jy net daarmee spog? Net jy kan besluit.

Wie wil ryk word leen nie geld nie

Moet nooit geld leen om iets te koop nie. Dis nie lekker om iets af te betaal wat jy al 'n jaar gelede gekoop het nie. Ek het gesien dat die gemiddelde Suid-Afrikaner maandeliks 30% van hulle salaris op nienoodsaaklike uitgawes spandeer.

As jy R50 000 verdien, kan dit tot soveel as R15 000 wees! As jy eerder daardie R15 000 goed belê kan dit met 8% saamgestelde rente groei.

Moenie dat jou krediet-kaart jou beheer nie

Ryk mense gebruik skuld oordeelkundig. Hulle het beheer oor hulle kredietkaart, wat een van die grootste euwels van ons tyd is, want dit plaas die konteks van impulsiewe aankope letterlik reg in ons hande.

Met 'n debietkaart, gebruik jy nie die bank se geld nie, jy gebruik jou eie

'n Debietkaart is regstreeks aan jou bankrekening (tjek of spaar) gekoppel, wat beteken jy moet geld hê voor jy die kaart kan gebruik. Dit is dus beter om 'n debietkaart te gebruik, want daarmee kan jy nie geld uitgee wat jy nog in die toekoms moet verdien nie.

Maak egter net seker dat jy elke maand heel eerste jou spaargeld opsy sit voor jy begin spandeer! Gebruik jou tyd en begin spaar sodat dit 'n gewoonte kan word.

Bou 'n noodfonds op sodat jy dit vir onvoorsiene uitgawes kan gebruik, soos wanneer jou motor onklaar raak of die wasmasjien breek, en jy nie jou kredietkaart daarvoor hoef te gebruik nie. As 'n reël moet jou noodfonds groot genoeg wees om al jou uitgawes vir drie tot ses maande te dek sonder dat jy 'n enkele sent verdien.

[Aangepas uit: *Finesse*, September 2017]

Kopiereg voorbehou

BYLAE B

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

ER MAKELAARS
ONGELUKSVERSLAG: INSIDENT

NAAM VAN BESEERDE: .....

POSISIE: .....

AFDELING: .....

DATUM VAN BESERING: .....

TYD VAN BESERING: .....

PLEK VAN BESERING: .....

OOGGETUIE 1: ..... OOGGETUIE 2: .....

BESKRYWING VAN ONGELUK EN BESERING:

……

……

……

……

……

……

……

……

……

……

OPGESTEL DEUR: ..... DATUM: .....

POSISIE: .....

Kopiereg voorbehou